Sondag 7 Mei 2023

Hierdie les is weer hersiening.


Ons knip al the kaartjies uit en hang dit in volgorde aan ‘n wasgoedlyntjie,

sodat ons weer stap vir stap in herinnering kan roep wat ons geleer het

Geskiedenis het altyd ‘n **<u>tydlyn</u>** met ‘n **<u>begin</u>** en ‘n **<u>einde</u>** 1

God het ‘n geskiedenis met die wêreld:

- **Die begin** - van die tyd
- **Die einde** – van die tyd
- **En tussenin** - het ons al die jare en wat gebeur het




2

**Johannes 1:1**
In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

Ons het geleer dat Jesus Christus wat ook die Woord genoem word, in die begin van die geskiedenis geskep het

Die geskiedenis is in **3 dele**: 3

- **Ou Testament** vertel die skepping, die geskiedenis van Israel, profesieë van Jesus Christus en die einde van die wêreld wat nog moet kom.
- **Nuwe Testament** vertel die geskiedenis van Jesus Christus en Christene en hoe Christene moet lewe en die einde van die wêreld wat nog moet kom.
- **Einde van die wêreld wat nog moet kom** en waarvan ONS DEEL IS!!




4

**Mattheus 1:23**
Kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.

Die week het ons geleer dat God regdeur die geskiedenis teenwoordig is op die aarde en Jesus Christus God is wat by die mense is sodat die mense Hom kan sien, met Hom kan praat en self van Hom kan leer

5

**Spreuke 4:23**
Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.

Ons het geleer om nie sommer gemors te dink nie



6




**Jesaja 64:8**
Maar nou, HERE, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand.

God is nie net die Skepper van hemel en aarde nie, maar ook die Maker van elke mens

7

**1Timotheus 1:17**
Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen.

Met die teksvers het ons geleer dat Jesus Koning is bo all konings - oor die hele geskiedenis, van die begin tot die einde en tot in ewigheid



8

**Spreuke 16:18**
Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val.

Die mense het gedink hulle kan tot by God in die hemel opklim en net soos Hy word

